Wat Beteken Ware Blysdkap?

Filippense 4:4-9 en Hand 16:16-40

Die groepie manne stap in die nou straatjie af - hulle is op pad na ‘n gebedsbyeenkoms. Agter hulle sny die skril stem van ‘n vrou deur hulle ore: “Hierdie mense is dienaars van God, die Allerhoogste!”, haar stemmetjie,

weergalm tussen die geboue van die stad Filippi: “Hulle vertel vir julle hoe julle gered kan word!”. “Hierdie vrou gaan my nog gek maak!”, mompel Timoteus, die jongste van die manne, “Dis seker al die honderdste keer dat sy so sanik!”. Lukas antwoord hom vol simpatie: “As jy so voel - dink net hoe moet die arme vrou al voel! Sy het nie beheer oor wat sy sê nie.” Lukas behoort te weet, want hy is ‘n mediese dokter. Boonop baie vaardig met die pen - hy het al baie van Paulus se briewe vir hom geskryf.

Dan draai Paulus, die oudste van die manne om en kyk die vrou, wat baie duidelik totaal van haar trollie af is, reguit in haar wilde oë. “Ek beveel jou in die Naam van Jesus Christus: Gaan uit haar uit!”

Almal se oë is op die vrou. Sy begin onbedaarlik bewe, en haar hele lyf ruk. Sy skreeu met ‘n skril stem - en dan skielik is dit asof daar ‘n groot kalmte oor haar kom. “Dankie, dankie, dankie”, prewel sy, “Meneer, jy het my lewe gered!”

Nee, dit is nie ek nie”, sê die man, “Dit is die Here Jesus wat jou gered het. Kom saam met ons, dan vertel ek jou meer van Hom.”

‘n Paar dae later stap die groepie manne weer dieselfde nou straatjie af na die bidplek. Skielik storm ‘n woedende skare mense op hulle af. “Julle het ons beroof van ons waarsêer!”, skree hulle, en gryp summier die twee leiers, Paulus en Silas, en sleep hulle na die stadsplein toe. So vêr as wat hulle gaan, word hulle bestook met alles wat gooibaar is. Duidelik is die mense bitter kwaad vir hulle.

“Wat gaan aan?”, wil Silas weet, “wat het ons verkeerd gedoen?” Maar sy maat, Paulus, kry nie eers kans om te antwoord nie, want die volgende oomblik word toue om hulle arms gebind, en hulle word oopgespalk tussen twee pale. Die woedende mense skeur hulle klere van hulle af. ’n Os van ’n man kom smalend nader gestap - in sy gespierde hand hou hy ’n sweep. Toe

die eerste hou Paulus oor sy kaal rug tref, krul hy van pyn. Hy sien hoe die bloed - sy bloed - op die grond spat. Hy hoor skaars sy maat, Silas se gille, waar hy geslaan word, want sy eie pyn is oorweldigend. Sweepslag na sweepslag tref hom, totdat hy naderhand voel hy gaan sy bewussyn verloor. Elke hou vreet diep in sy vleis in.

Eers baie later word die twee in die kerker ingesleep. Hulle word hardhandig op die kaal klipvloer neergegooi, en dan kry hulle ysterkettings om hulle gewrigte. Hulle bene word wyd oopgesper en in houtblokke vasgeklem. Elke beweging skuur die stof en klippertjies in die rou wonde in hulle rûe in.

Uiteindelik is die soldate klaar met hulle, en die swaar ysterdeur word agter hulle toegeklap. Dis pikdonker. Dit stink.

“Silas? Silas, leef jy nog?”

Uit die muwwe pikdonker kom die gefolterde antwoord: “Ja, my ou broer, ek leef! En ek gaan dood van die dors... dit gaan ‘n bitter lang nag wees!”

Dan klink daar uit die pikdonker die sagte, bewerige stemmetjie op van ’n Paulus wat bitter seer het - eers baie huiwerig: “Die Here is my Herder..... Ek kom niks kort nie” En dan val sy maat in saam met hom in: “Hy laat my rus in groen weivelde”. Albei skep nuwe moed, en weldra vul hulle loflied die donker, stinkende tronksel: “Na waters waar rus is, lei Hy my heen. Na waters waar rus is, lei Hy my heen.”

“Is julle mal?”, klink dit op uit die donker. Maar hulle gaan voort en sing met volle oorgawe. Die mooiste lofliedere draal deur die klipgange van die koue tronk, en die ander gevangenes luister in verwondering. “Wat is dit wat maak dat hulle so met vreugde kan sing?” wonder een kêrel hardop. “Wat het hulle wat ons nie het nie? Is hulle nie netnou nog stukkend geslaan nie?”

Die verhaal het ‘n stertjie - nee sommer ‘n baie groot stert: Later daardie nag skud ‘n aardbewing die tronk. Die kettings val van Paulus en Silas se hande en voete af en die tronkdeure val oop. Die tronkbewaarder hskrik so groot dat hy wil selfmoord pleeg, maar Paulus keer hom. Hy en sy hele gesin kom daardie selfde nag nog tot bekering.

Die vraag wat ek en jy vir mekaar moet vra, is: “Wat het gemaak dat daardie twee manne vrolik kon sing in die tronk daardie nag?” Moontlik moet ons begin deur te vra wat dit is wat ‘n mens gelukkig maak? Het jy al ooit op ‘n plaas na die winterdroogte gesien hoe die kallers bokspring as die eerste lentereëns val? Daardie uitgelatenheid as die reëndruppels neerplons in die stof - en hulle hardloop en spring en jaag mekaar rond.

Wat is geluk?

Geluk beteken vir verskillende mense verskillende dinge.

‘n Braaivleisaand saam met jou pêlle waar jy uitbundig kuier tot dagbreek toe of ‘n opwindende rugbywedstryd waar die Haaie die Bulle in die kerriebeker eindstryd wys waar oorl’e Dawid die wortels gegrawe het, na ‘n lang en harde rugbyseisoen. Dis groot vreugde, en dis geluk sonder weerga. Vir iemand anders weer is dit die opwinding van ‘n nuwe motor - veral as dit boonop ‘n brullende vier-by-vier is met al die nuutste meghêftertjies aan wat jou van die Kaap tot in Kairo kan vat sonder om ‘n enkele ompad te ry. (Mans se speelgoed raak deesdae bitter duur!).

Geluk hang af van die dinge rondom jou - van jou omstandighede. En as daar die dag ‘n krisis kom, dan sit jy in sak en as. As jou span in beseringstyd die wedstryd verloor, dan gaan jy druipstert huistoe en blameer die skeidsregter - dat hy ‘n bril nodig het. En as die bank jou vier-by-vier terugvat omdat jy hom nie meer kan betaal nie, dan voel dit soos die einde van die wêreld. As jou vriende jou “drop” met jou braaivleis, dan sit jy op moedverloor se vlakte.

Wat is Blydskap?

En dit is wat blydskap so geweldig anders maak as geluk! As Paulus in Filippense 4:4 sê: “**Wees altyd bly in die Here!**”, dan is daardie stralende blydskap waarvan hy hier praat gladnie afhanklik van enige omstandighede nie. Geluk is ’n oppervlakkige ding, maar ware blydskap het diepte - dit het wortels wat strek tot by Timbaktoe.

Sien, die groot verskil is dat blydskap nie gebaseer is op verganklike, wankelende wêreldse dinge nie, maar dit is gebaseer op **GOD** se onveranderlike, onverganklike liefde. Die fondamente van blydskap is gelê op die wete dat **GOD** daar is vir ons, selfs deur die grootste krisisse in ‘n mens se lewe.

As daar darem nou een man in die lewe was wat rede genoeg gehad het om **NIE** gelukkig te voel nie, dan was dit ou Paulus. Al wat ‘n terugslag is in die lewe het hom getref. Dit het begin toe hy tot bekering kom, en al sy vriende hom verwerp het. Maar dit pla hom nie, want nou sou hy mos nuwe vriende hê in die Christene - die gelowiges. Maar dit is nie so eenvoudig nie - dit gebeur nie want die gelowiges wou óók niks met hom te doen hê nie, want hulle onthou toe nog baie goed hoe hy hulle vervolg het. Op sy sendingreise is hy talle male uit die sinagoge uitgesmyt. Soos ‘n misdadiger is hy dikwels uit stede uitgejaag, en een klomp het hom selfs met klippe “doodgegooi.” Sy skip het ‘n paar keer onder hom gesink, en hy het baie jare in die tronk deurgebring. Toe Paulus hierdie brief geskryf het, was hy juis in huisarres in Rome - so goed as om in ‘n tronk te wees, want hy is dag en nag bewaak deur soldate.

Ten spyte van al hierdie dinge borrel Paulus letterlik van vreugde - van blydskap. Selfs toe hy en Silas stukkend geslaan en vasgeketting in die stinkende tronk lê, sing hulle lofliedere.

En toe, ‘n paar jaar nadat Paulus en Silas daardie ondervinding in die tronk in Filippi gehad het, skryf hy die brief van blydskap aan die einste gemeente in Filippi, en hy moedig hulle aan om ook soos hy ware blydskap te ervaar. Ons kan maar net aanneem dat dieselfde tronkbewaarder wat daardie nag wou selfmoord pleeg, nou ‘n aktiewe lidmaat van die gemeente was. Kom ons gaan kyk ‘n bietjie wat Paulus bedoel met hierdie blydskap.

1. Inskiklik:
Paulus lê baie sterk klem daarop dat ons altyd bly moet wees, en dan gaan hy voort en sê dat ons inskiklik moet wees teenoor alle mense. Dit beteken dat ons bereidwillig moet wees om iets vir ander te doen. Die teenoorgestelde daarvan is om selfsugtig te wees. As jy selfsugtig is, kan jy dalk geluk vir jouself opgaar, maar blydskap sal jy op hierdie manier nooit kry nie, want jy is so behep met jouself, dat jou blydskap verdwyn. Om inskiklik te wees, beteken dat jy vergeet van jou eie behoeftes, en dat jy onvoorwaardelik slegs dink aan jou medemens, selfs ten koste van jouself. Om uit jou hart uit vir iemand anders om te gee en iets vir hom te doen, gee jou ware blydskap.

2. Die Here is Naby:
Daardie wete, dat die Here hier by my is, is al klaar rede genoeg om ware blydskap te kan ervaar. Die wete dat ek nie vandag alleen op hierdie kansel staan nie, maar dat Jesus hier reg langs my staan en dat Hy my ondersteun in dit wat ek sê, laat my oorborrel van blydskap. Daar waar jy nou sit, kan jy presies dieselfde borrelende blydskap ervaar, want Jesus sit reg langs jou, en Hy hou jou hand styf vas.

Waarom kon Paulus en Silas daar in die stinkende tronk sing, terwyl hulle in die grootste pyn was? Omdat hulle die wonderlike teenwoordigheid van Jesus só intens ervaar het, dat hulle kon oorborrel van blydskap. En wat die hart van vol is, loop die mond van oor - so lui die bekende spreekwoord. Hulle blydskap het oorgeloop in lofliedere.

Weet jy, dit is baie interessant dat wanneer jy in pyn of nood verkeer, en jy begin sing, dan vergeet jy van daardie pyn. Jare gelede het ek saam met ‘n paar jongmense die Drakensberge uitgeklim. By Mont Aux Sources se kettingleer het ons vasgehaak, want daardie duiselingwekkende krans met sy slap, swaaiende kettingsleer was een te veel vir ‘n paar ouens met hoogtevrees. Toe begin ‘n paar meisies te sing - Hallelujaliedjies. Kort voor lank het almal lustig saam gesing, en al singende is selfs die ouens met die ergste hoogtevrees die leer op. Vir een meisie was dit so traumaties, dat sy haar oë styf toegehou het, en een van ons manne het haar voete op die sporte van die kettingleer gesit - tree vir tree, tot sy bo was. Die opbouende sang van haar maats het haar die moed gegee om bo uit te kom.

Jesus is by ons, en dáárom kan ons sing - selfs in die mees

haglike omstandighede, en kan ons steeds borrelende blydskap ervaar.

Maar die gedagte: “Die Here is naby” het ook ‘n tweede betekenis - die wederkoms van Jesus is naby. En daarom kan ons ware blydskap ervaar selfs in die mees haglike omstandighede, omdat ons weet dat Jesus enige tyd kan kom.

3. Nie besorg nie:
“**Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend**.” - so skryf Paulus in vers 6, en in vers 7 gaan hy aan: “**En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.**”

Was jy al ooit in ‘n situasie waar jou maag op ‘n verskriklike kol saamgetrek was van pure bekommernis? “Sê nou net die ergste gebeur....”. Natúúrlik was jy - ja, en ek was al dikwels daar! Daar is seker niks op aarde wat ‘n mens so siek kan maak as bekommernis nie.

Kom ons gaan ontleed ‘n bietjie ‘n tipiese kommerwekkende situasie: My dogter gaan uit saam met vriende, en dit begin laat word en sy is nog nie terug nie. Ek lui haar selfoon, maar dié is af. Nou begin ek te bekommer: wat het met haar gebeur? Waarom is haar selfoon af? Is sy dalk aangeval? Is haar selfoon gesteel? Sê nou net sy is ontvoer! Moet ek nie dalk die polisie bel en haar aanmeld as vermis nie? Nee, dit sal nie help nie, want hulle sal niks doen voor sy nie eers 48 uur lank vermis is nie. Wat gaan ek doen? En intussen raak ek siek van bekommernis. Ek sit in die sitkamer en wag dat sy moet terugkom, en die minute tik pynlik stadig verby.

Intussen sit sy saam met haar maats, salig onbewus van al die drama in ‘n fliek - haar selfoon is af, want sy mag hom nie in die fliek aan hê nie.

Wat het hierdie bekommernis my in die sak gebring? Dit het my bitter ongelukkig gemaak. Dit het my ‘n sooibrand gegee. Dit het my siek gemaak. Dit het my van my slaap beroof. En die ergste is dat dit my beroof het van my blydskap!

“Moet oor niks besorg wees nie.....”, sê Paulus. Wanneer jy ‘n kommerwekkende situasie beleef - bid, en vertel die Here van jou kommer. Vra Hom dan om te help, en vertrou op Hom, want Hy is die enigste Een wat werklik kan help. Sê dan vir Hom dankie dat jy jou sorge vir Hom kan gee, en laat Sy vrede oor jou gemoed spoel om jou blydskap te herstel. Sy wonderlike vrede gaan immers alle verstand te bowe!

Kom ons kyk weer na Paulus en Silas daar in die tronk. Sou dit hulle gehelp het om te lê en bekommer oor hulle situasie? Sou dit hulle toestand enigsins verbeter het? Nee,

baie beslis nie. Hulle het vertrou in die Here, en toe doen hulle die ding wat hulle toestand totaal verander het: **hulle begin sing**. Daarmee sê hulle in die eerste plek dat hulle al hulle bekommernisse vir die Here gee. Maar terselfdertyd laat dit hulle vergeet van die verskriklike pyn en die ongemak van die kettings en blokke aan hulle voete en die koue, harde, klipperige vloer onder hulle stukkende, seer lywe. En hulle ondervind daardie blydskap wat geen ongelowige ooit in sulke omstandighede kan ervaar nie.

4. Beoefen goeie deugde:
In die vierde plek sê Paulus dat jy allerhande goeie deugde moet beoefen. Wat presies bedoel hy daarmee? Hy spel dit letterlik uit dat ons die waarheid sal leef. Wat is waarheid? Dit is dieselfde vraag wat Pilatus vir Jesus gevra het (Johannes 18:38). "Waarheid" kan baie dinge beteken - dit kan beteken dat jy nie 'n leuen leef nie, en dat alles wat uit jou mond kom slegs die waarheid sal wees. Dit kan ook beteken dat jy sal leef volgens die wil van God. Hierop moet jy jou gedagtes instel en rig.

Alles wat edel is, en wat reg is en wat rein is - hierdie is die goeie deugde wat jy moet uitleef. As jy waarlik 'n rein hart het en die regte dinge nastreef, dan sal jy waarlik blydskap kan beleef, want dan weet jy dat jy volgens God se wil leef, en dat jy Hom gelukkig maak.

Alles wat mooi en prysenswaardig is - hierdie is dinge wat die mense met wie jy in aanraking kom gelukkig maak as jy dit uitleef. En as jy mense kan gelukkig maak om die regte redes, dan sal jy sélf blydskap beleef.

"Watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees - daarop moet julle julle gedagtes rig" - so skryf Paulus in vers 8. Weet jy wat maak my waarlik gelukkig? As ek die evangelieboodskap met iemand deel, en die persoon laat my weet dat hy of sy die versoening van Jesus aanvaar het - dat hy die geskenk van die ewige lewe wat Jesus aanbied, geneem het en dit sy eie gemaak het. Dit is iets wat my laat huil van blydskap - dit is die wonderlikste nuus wat ek ooit kan hoor, en dit gebeur omdat ek gehoorsaam was aan Jesus se opdrag. Dit is 'n voorbeeld van 'n lofwaardige saak.

5. Leer van my (Paulus):
Paulus is 'n rolmodel - sekerlik een van die bestes wat daar ooit was. Ons kan gerus gaan leer uit die dinge wat hy gedoen het en die manier wat hy geleef het, en dit probeer navolg, want Paulus het beslis nie voete van klei soos baie van ons rolmodelle vandag nie.

Paulus het nie alleen gepraat en gepreek nie, maar hy het die dinge wat hy gepreek het waarlik uitgeleef. As hy gesê het dat ons gelowiges die evangelie moet verkondig, dan het hy dit sélf met volle oorgawe gedoen. En as hy gesê het dat ons blydskap in ons moet hê, dan het hy dit sélf prakties uitgeleef. Toe die skip waarop hy was gesink het,

was Paulus die een wat almal moed ingepraat het, al was hy self ‘n gevangene op die skip. En as hy gesê het dat ons bly moet wees, dan het hy sélf borrelende blydskap uitgeleef, al was hy in die tronk opgesluit in haglike omstandighede.

Paulus het baie goed geweet hoe dit voel om verwerp te wees - hy was sélf by verskeie geleenthede uit die stad uitgejaag, en selfs met klippe gegooi en geslaan. Hy het geweet wat dit is om honger te lei, en swaar te kry - hy het duisende kilometer te voet geloop oor moeilike terrein en dikwels in die veld geslaap om die evangelie te verkondig. En steeds het hy oorgeloop van blydskap.

Paulus het geweet wat verdrukking beteken - hy moes vlug nadat hy tot bekering gekom het, want die Fariseërs was bitter kwaad vir hom. Boonop was die Christene ook kwaad vir hom, want hy het húlle voorheen vervolg. Nogtans het hy steeds aanhou probeer om vir die Christene sowel as die Jode die blye boodskap van Jesus se verlossing te verkondig - met oorgawe en blydskap.

Vandag wil Paulus hê dat ek en jy van hom leer - al is dit net die één ding - om daardie blydskap in ons lewe te hê en dit uit te straal - die blydskap wat alleen Jesus vir ons kan gee.